

# 250e

Het die argitek die  
vakansiehuis ontwerp  
of was dit sy vrou  
(of haar man)?  
Die antwoord op  
albei vrae is "ja".  
Klink dit dubbelsin-  
ning? Dan begin jy  
verstaan waaroor die  
Bergenthal se huis  
in Gordonsbaai gaan.

FOTO'S: DAWIE VERWEY

WOORDE: ANNELIZE VISSER

PRODUKSIE: SUMIEN BRINK

STRANDHUIS





**M**AAR EERS MOET JY GORDONSBAAI VERTAAN. Dis nie Plett of Kampsbaai nie, al is die huisprysie hier in die wasi van die Helderberg besig om die hoogte in te skiet. Dis ook nie (dank die hemel) die Strand nie, waar windmaker-argitekse skuis, dwars en veral opwaarts met die seekant eksperimenteer.

In Gordonsbaai is die hoogste gebou aan die seekant na meer as vyftig jaar steeds die drie verdiepings van die Van Reebek Hotel. Die meeste mense woon in doodgewone huise in Dobson of Anchorage Park, feitlik almal ry in bakkies waarvan die wasierbande kerm en skree, en ná die rugby op Saterdae gly van die manne in Tallas van hul kroegstoële af tot op die mat en die waitresses knip nie 'n oog nie.

Die nie 'n deftige plek nie.

Nog 'n ding van Gordonsbaai – as jy die see wil sien, het jy twee opties: of jy stap sonoor of jy gaan woon bo teen die berg. Die mense van Dobson, wat saans met hul Rotwellers en Golden Retrievers verby die BP-garage see toe mik (waar hulle die geen-honde-waarskuwing soos een man ignoreer), lag soms in hulle mou vir die lot wat hulle huse aan die berghang vasbuig. Dis 'n skuins berg en omdat ek een asseblief bo-oor sy buurman wil kyk, bou mense soms teen alle waarskynlikeheid in.

Goed val plat, en nie net altyd in die estetiese sin nie. Goeie argitektuur is so welkom (en amper so skaars) soos 'n windstil dag in die somer en twee argitekte met bekende name wat saam aan een huis bou, soos twee windstil dae na mekaar.

Johan en Gardiol Bergenthuin is argitekte, met mekaar getroud en bevriend, en gevrest in Gauteng waar hulle in verskillende praktiese werk. Hul kinders, Thomas en Gardiol, is onderskeidelik logistiese ingenieur en nagraadse student, maar het nogtans hulles kamers in die vakansiehuis wat sowat die jaar gelede in Kloofstraat bokant Gordonsbaai voltooi is.

Dis 'n huis op drie vlakke: (groot) kinders onder, kombuis en koperplek in die middel en hoofslaapkamer en studiekamer heiloop. Dis die vanselfsprekende punt een. Punt twee is dat die erf met 'n kennersoog gelyk is – nie 'n skuins of ontreganklik nie sodat die struktuur teen die helling aangevly is eerder as om op lewe of dood daarvan te klo. Die uitsig is die allerbelangrikste punt drie. En dit is, soos Johan sê, "oral". Maar nie alles tegelyk nie.

**VORIGE BLADSY:** Die sonsondergang is elke dag anders, en hang af van die tyd van die jaar, en die see se bui. Deur die sitkamer se hoekvenster lyk die uitsig op Valsbaai soos 'n groot TV-skerm (maar sonder die advertensiereuke). En al is jy alleen, kan jy die geselskap geniet van die dames in Kimberley Gundl se skilderye bokant die kaggel. Johan het vir al vier persoonlikhede uitgedink: die drie wat hier te sien is, is van links, 'n skinderkab, goed en gaaf maar effens dom, en 'n tante met 'n plenk slaapkamer. **LINKS:** Die tweespel tussen Gardiol en Johan Bergenthuin werklink in die tweespel tussen berg en see. Al kyk die huis seewarts, word die vierkant langs die swembad aan die berg gewy. Die houtsneewerk is deur (kunstenaar se naam). Die Bikini-stoele is van Limeline.

**"U**ITSIG" IS 'N TOORWOORD VIR ALMAL WAT BY DIE SEE WIL WOON OF VAKANSIE HOU. Dis vir die meeste mense so 'n skaars of bedreigde ding (daardie stukkie water wat tussen die dakke voor jou uitsteek) dat net blaffende honde vir mér moes tussen bure verantwoordelik is. 'N Onbelineerde uitsig, wat in Gordonsbaai beteken dat jy op een slag die hele Valsbaai van Simonstad tot by die Helderberg, met Tafelberg se skerp kant tussenin, kan sien, is 'n verskriflike versoeking. Die voor die hand liggende, maar effens vulgäre, antwoord is om die hele ding uit te staal, wat natuurlik die rede is hoekom van die duurder huise in Suurbosselaan so ongepoets vooroor hang.

Uitsig was deurslaggewend toe die Bergenthuins by die see kom bou het, maar nes die beste kos meestal nie voorgesit word in porsies wat jou lamli nie, het hulle hier met die uitsig gespeel. Hoewel die glashoekie van die huis dus die uitsig "oplas" (sonder die steuring van vensterrame van beton), word die groter prentjie gang vir gang oppgedis: uit hierdie hoek, die hawe; uit daardie een, die Helderberg; terwyl ironie speelplek kry in geraamde uitsigte op mure of verkante gekleurde glas wat in die loop van die dag saam met die son oor binne- en buitemure res.

Punt vier is eintlik die hele punt. Dis waarna Johan en Gardiol apart en saam verwys as "die konsep" – daardie ding wat, solank dit "goed en sterk" is, gebreke uitvis en kostgedrewe kompromisse regverdig. Dis die huis se "tweespreek" (Johan se woord) tussen berg en see. Die huis kniel dit vir Gordonsbaai se berg, wat van tyd tot tyd en nou oopruut deur ontwikkelarels bedrig word. By Tallas praat hulle al weke lank en feitlik niks anders nie.

Maar al skeepy 'n mens van konsepte, kontroversie en kompromisse, is die Bergenthuins se strandhuis 'n lekker, lige plek, vol van die humor van lugblou plafonne, glasteels wat (oos en af) tussen vloere loer, stories uitgedink oor die portrette bo die kaggel, skinderstories oor die bure (wie se vier soorte dakplate hopelik gou agter twee olyfbrome verskans word), en 'n speletjie met die letters in die word "Kloof" wat met 'n bietjie verbeelding gerangskik kan word om uit te spel wat na so 'n bouery mens se beurseisoorby.

Johan laat 'n sopraan los op die CD-spelier, Gardiol skep seekos op in bakkies wat hul soepel vorm aan Philippe Starck te danke het) en vertel dat die huis 'n eksperiment was wat hul huwelik moes "toets". Dit moes wys of hulle, een, kon saamwerk, twee, oor estetika saamstem en, laastens, dat hulle "enduit die ding kon aflewier".

Dis op die coog af maklik, so 'n opbokketoets waarin gedagtes heen en weer gegooi word om hul praktiese en estetiese waarde te meet; die debat tussen moderniteit uit dieselfde tydvak – dus darem "geen kernstryd tussen byvoorblyend post-modern en kolonial of soets nie"; die tweespel tussen argitekte met 'n gedeelde humorsin wat boorop "eintlik minimalistie" is.

Gardiol, wat die vlag hys vir Johan se konsep, maar wat danksy hul wisselende skedules die projekbestuur van voor tot agter moes hanteer, sê die proses was soms "onstuurig", maar ook dat Johan se plan haer dadelik ontvolg het.

Die laaste vraag, oor aflewering, kry die soveelste "ja".

"Ons sal dit maklik weer doen," sê sy, van 'n tweespel waarin albei spelers die winners is. **V**

• Johan Bergenthuin van Louis Louw Johan Bergenthuin Argitekte 011 781 3663. Gardiol Bergenthuin 011 793 4439.

Die huis mik  
twee kante toe:  
so slim soos dit  
met die  
seekant speel,  
net so diep  
kniei dit voor  
Gordonsbaai  
se berg





LINKS: Lig stroon deur die eetkamer/kombuis. Eet- en leefareas is aan weerskante van 'n ruim "gang" (sien bladsy 105 bo links) wat soos 'n kruising werk – tussen sitkamer en eetkamer, en tussen binne and buite. Keramiekware deur Deon de Lange. Die tafel en bankie van LIM.BD: Keramiekware, met kurwes deur Philippe Starcke, word terselfdertyd gebêre en uitgestal in (Gardiol, help asb met wat dit genoem word).



## Vyf vrae aan Gardiol Bergenthuin

1. OP WATTER TYD VAN DIE DAG IS DIE HUIS VIR JOU DIE MOOISTE? Smiddae, met die veranderende middagson wat deur die gate van die hoë westemuur van die swembad val, en met sonsondergang, want dis elke dag anders en "chocolate box"-mooi.
2. WATTER DEEL VAN DIE PROJEK WAS VIR JOU DIE GROOTSTE UITDAGING? Die grootste uitdaging was die besluit om ons vakansieplek te verander na die Kaap, en om dit wat vir ons spesial is van die Kaap, naamlik berge en uitsig, te kan vasvang vir onself.
3. WANNEER JY IN JOHANNESBURG AAN DIE HUIS DINK, WATTER ASPEK GEE JOU DIE GROOTSTE PLEISIER? Ek sien die abstraksie van gate en vlakte gesuperponeer op die altyd veranderende uitsig oor Valsbaal.
4. AS JY NOG EEN DING KON BYLAS (AL KOS DIT WAT), WAT SOU DIT WEES? 'n Trap op dak toe vir 'n uitsig van 360 grade oor berg en see. Maar aan die ander kant suggereer die gebou dit reeds met al sy uitsyne en blikke na alle kante en is daar iets vir die verbeelding gelaat ... soos die Japanne wat nooit 'n taak voltooi nie.
5. WAT IS SOVER JOU AANGENAAMSTE HERINNINGER AAN DIE HUIS? Ons eerste nuwe jaar in die amper klaar huis met 'n klomp familie en die pret in hierdie mooie, nuwe, wonderlike boks wat so beeldskoon is en perfek werk.

**VAN LINKS:** Aan die voorkant van die huis is 'n metaalplaat waaruit die straatnaam en -nommer gesny is. Die uitgesnyde letters het hier langs die TV te staan gekom, waar jy hulle na willekeur kan rondskommel. Die hemelblou plafonnerie, hier in die hoofslaapkamer te sien, is een van die maniere waarop die huis met die omgewing speel. Nog 'n spel is dié tussen binne en buite, tussen vloere (die glasteels kyk af op die onderste vloer) en tussen vorms – die blou-en-wit mat (deur naam asseblief) is 'n eggo vir die vierkantige swembad in die binnehof aan die bergkant van die huis. Laatmiddag word die spel van lig en skadu op die buitemure hoogdrama. (Verskaf asb verkleur – dankie.)



- |                   |                          |
|-------------------|--------------------------|
| 1 SPEELKAMER      | 8 BALKON                 |
| 2 SLAAPKAMER      | 9 INGANG                 |
| 3 BADKAMER        | 10 GARAGE                |
| 4 BINNEHOF        | 11 VOLUME OORHOOFRIJUMTE |
| 5 HOOFRUMTE       | 12 HOOF SLAAPKAMER       |
| 6 SITKAMER        | 13 BADKAMER              |
| 7 EETKAMER/KOMBIE |                          |